
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 14: 3 Mei 2024



BELANGRIKE INLIGTING:

Datums Bl. 3
Mamma Mark Bl. 7
Eksamenrooster Bl. 8



# Uit die kantoor

- Die o. 13A-netbalspan het verlede week aan die Wildeklawer netbaltoernooi in Kimberley deelgeneem. Die span behaal 'n vyftiende plek. Baie geluk aan elke dogter wat haar beste gelewer het en mooi netbal gespeel het. Oranje is trots op julle! Dankie aan mev. Marida Myburgh (afrigter) en mev. Chandriné Jones (spanbestuurder) wat ons dogters vergesel het.
- Baie geluk aan die netbalspanne wat pragtig teen Brandwag laerskool netbal gespeel het. Uitslae op bladsy 4. Baie sterkte vir volgende week se netbalwedstryde teen President Brand laerskool.
- Baie sterkte aan die o. 7- tot o. 10-netbalspanne wat volgende Vrydag aan Fichardpark se mininetbaldag gaan deelneem. Geniet dit en lekker speel!
- Die orkes, junior- en seniorkoor, asook individuele musiekleerders neem volgende week aan die St. Michael's se kunswedstryd deel. Baie sterkte!
- Volgende week neem ons gr. 4-7 spreekkor, asook individuele leerders aan die Vrystaatse kunswedstryd deel. Baie sterkte!
- Volgende week Maandag begin die Moedersdagverkope in die gimnastieksaal. Bring 'n geldjie en kom koop iets spesiaal vir jou ma of ouma.
- Vanmiddag begin die landloopliga. Baie sterkte aan al die dogters wat dié kwartaal aan die landloopliga gaan deelneem.

# BELANGRIK

3 Mei: o. 11 Limodo tennistoernooi
Landloopliga 1
Seniorkoor: Oefenkamp 18:00 - 20:00

4 Mei: o. 11 Limodo tennistoernooi
Seniorkoor: Oefenkamp 09:00 - 13:00

6 Mei: Juf. Mariëtte verjaar
Moedersdagverkope: Gimsaal
Netballiga 6: OMS loslootjie
Musiek: St. Michael's Kunswedstryd
Vrystaat Kunstefees: Voordrag en Toneel

7 Mei: Voedselprojek Gr. 6A
Moedersdagverkope: Gimsaal
Musiek: St. Michael's Kunswedstryd
Vrystaat Kunstefees: Voordrag en Toneel

8 Mei: Moedersdagverkope: Gimsaal
Musiek: St. Michael's Kunswedstryd
Vrystaat Kunstefees: Voordrag en Toneel

9 Mei: Juf. Margarete verjaar
Voedselprojek Gr. 6B
Moedersdagverkope: Gimsaal
VCSV: Hemelvaartdagdiens in ML Spiessaal 09:00-09:30
Musiek: St. Michael's Kunswedstryd
Vrystaat Kunstefees: Voordrag en Toneel
Netballiga: OMS vs President Brand

10 Mei: Moedersdagverkope: Voor Kantoor
Preprimêr Kermis

# Hokkie

Die Kovsie-aandliga het op 24 April in aanvang geneem. Oranje se o.12 A en -B, asook o.13A, B en C-spanne neem deel aan die liga, wat oor 3 aande strek.

<u>24 April se uitslae</u>

| | |
|---|---|
| OMS o.12A wen Tjokkies o.12A | 3-0 |
| OMS o.12B verloor teen SMS o.12A | 2-0 |
| OMS o.12B speel gelykop teen WP o.12A | 0-0 |
| OMS o.13A wen Tjokkies o.13A | 6-0 |
| OMS o.13 A wen EPS o.13B | 9-0 |
| OMS o.13B verloor teen SMS o.13A | 2-0 |
| OMS o.13B wen JF o.13A | 2-0 |
| OMS o.13C speel gelykop teen JF o.13A | 1-1 |

<u>2 Mei se uitslae</u>

| | |
|---|---|
| OMS o.12B verloor Willem Postma o.12A | 2-1 |
| OMS o.12A gelykop Eunice o.12A | 0-0 |
| OMS o.12A wen Eunice o.12B | 1-0 |
| OMS o.12A wen Willem Postma | 1-0 |
| OMS o.13A wen Eunice o.13A | 1-0 |
| OMS o.13B wen OMS o.13C | 4-0 |
| OMS o.13C verloor Willem Postma o.13A | 6-0 |

# Swem

Baie geluk aan Livia Gutter wat pragtig presteer het by die Suid-Afrikaanse Skole Swemkampioenskap in Gqeberha wat vanaf 18 tot 21 April plaasgevind het:

| | | |
|---|---|---|
| 50m | Borsslag | 5de |
| 50m | Vryslag | 4de |
| 100m | Borsslag | 5de |

# Netbal

<u>Ligawedstryde OMS vs Bloemfontein Laerskool, Maandag, 29 April:</u>

| SPAN | UITSLAG | OMS | BFN Laer |
|---|---|---|---|
| o.12A | Wen | 26 | 4 |
| o.13A | Wen | 23 | 4 |
| o.13B | Wen | 12 | 5 |

<u>Ligawedstryde OMS vs Brandwag, Donderdag, 2 Mei:</u>

| SPAN | UITSLAG | OMS | Brandwag |
|---|---|---|---|
| o.10A | Wen | 26 | 6 |
| o.10B | Wen | 19 | 0 |
| o.12A | Wen | 29 | 3 |
| o.12B | Wen | 32 | 0 |
| o.13A | Wen | 22 | 8 |
| o.13B | Wen | 14 | 1 |

<u>Wildeklawer Netbaltoernooi</u>

Die o. 13A-netbalspan het vanaf 25 tot 27 April aan die jaarlikse Absa Wildeklawer Netbaltoernooi in Kimberley deelgeneem. Sestien van Suid-Afrika se top netbal-spanne is genooi om aan hierdie prestige toernooi deel te neem. Die dogters het hulle beste gegee en 'n 15de plek behaal.

<u>Vrystaatnetbal</u>

Engela Loock, Kaylin Seekoei en Luvé Miles is vir die Vrystaat netbalspanne gekies. Hulle neem vanaf 16 tot 19 Junie in Boksburg aan die All Ages Toernooi deel.

# Sport

# Podiumpret

Podiumpret semifinaal is vanjaar op 13 April in Bethlehem gehou. Baie geluk aan Z'ney Piechaczek met haar uitstekende uitslae.

| | |
|---|---|
| Afrikaans redenaars | 93% |
| Lees poësie | 96% |
| Lees prosa | 97% |
| Reading poetry | 100% |

# Oppie-Tong-Af Redenaars

Die Oppie-Tong-Af Vrystaat Streek Redenaarskompetisie was vanaf 16-19 April via video-inskrywings gehou. OMS Primêr het weer twee Eende gehad wat uitgeblink het. Baie geluk aan die volgende dogters met julle puik prestasies:

<u>Lika Claassens</u>
Vermaaklikheidstoespraak A++

<u>Mienke Maritz</u>
Oorredingstoespraak A+

# Con Spirito Eisteddfod Redenaars

Lika Claassens het op 27 April aan die Con Spirito Eisteddfod Redenaars deelgeneem in die kategorie: Afrikaans Redenaars Voorbereid en het 'n A+ simbool ontvang.

# ATKV Redenaars

Die ATKV-Redenaars streeksuitdunne het op 1 Mei 2024 by Hoërskool Witteberg, in Bethlehem, plaasgevind. Die graad 1-3's het slegs hul voorbereide toesprake gelewer, terwyl die graad 4-5's na hul voorbereide toespraak 'n vraag moes beantwoord wat betrekking het op hul onderwerp. Die graad 6-7's moes egter hul voorbereide toespraak lewer en het dan 'n uur voorbereidingstyd ontvang om hul onvoorbereide toespraak te lewer. OMS se Eende het geskitter. Ons is baie trots op elke dogter.

<u>Graad 1-3:</u>
Kyra Grobbelaar
Lisa de Vos
Lisel Hardie
Franyke Labuschagne
Nea Cloete
Alta Snyman
Emma Odendaal

<u>Graad 4-5:</u>
Hanli Snyman
Anje Lubbe
Dienie Hardie
Jana Nel
Z'ney Piechaczek
Alánie van Biljon
Emma Jacobs
Leamourie Pieterse

<u>Graad 6-7:</u>
Emma Myburgh
Milan Rehbok
Imke Bekker
Mia Jacobs
Lika Claassens
Ellené van Zyl
Mienke Maritz



# KULTUUR

# Perdry

Die volgende dogters het op Saterdag 27 April deelgeneem aan die Legacy Equestrian Centre Autumn Skou 2024 in Bloemfontein en die volgende prestasies behaal:

| | |
|---|---|
| Ariana de Wet met haar perd Indian Blitz | |
| Show jumping 60cm | 1ste |
| Show jumping 70cm Championship | 1ste |
| Mia van der Merwe met haar ponie | |
| 80cm spring | 1ste |
| Shinique Slater | |
| Beginner pole on the ground | 1ste |

Elmi Ferreira het aan die Nasionale Kampioenskap se ope lugskou in Bloemfontein deelgeneem in 3 verskillende kategorieë. Sy het onderskeidelik 'n tweede, derde en sewende plek behaal in die ruiterkunsafdeling.



# Muurbal

Lika Rossouw het op 27 April aan die Suid-Afrikaanse Muurbal Country Festival in Bloemfontein deelgeneem en die Vrystaat verteenwoordig vir dogters o. 13. Sy het 4 van haar 6 wedstryde gewen.

# Skou

Karla van Rooyen het aan die Bloemnuus en Bloemskou se Koerantrokkompetisie deelgeneem waar kreatiewe uitrustings en hooftooisels gemaak moes word uit die Bloemnuus of BloemExpress. Karla behaal 'n eerste plek.

# Kuns

Die volgende dogters het tydens die Bloemskou aan die kunsuitstalling deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Mienke Wiese | A+ |
| Eldore Immelman | A+ |
| Hanne Ross | A |







# Musiek

Skylé-Anne Janse van Rensburg het haar ABRSM graad 3 viool met 73% geslaag.

# Algemeen


MammaMark
6-9 MEI
GIMSAAL
VERKOOPSTYE:
VOOR SKOOL (07:00), POUSES
EN NA SKOOL TOT 14:15
10 MEI
VOOR KANTOOR
VERKOOPSTYE:
VOOR SKOOL (07:00), POUSES
EN NA SKOOL TOT 14:15
VarsMark
DINSDAG, 7 MEI
PANNEKOEK
WARM SJOKOLADE
VRYDAG, 10 MEI
VARS BLOMME
VARSGEBAK
BESKIKBAAR OP KARRI




# Eksamenrooster

| | Mei en Junie 2024 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ma** | **Di** | **Wo** | **Do** | **Vry** | **Sa** | **So** |
| **27**<br>**(Toetsperiode)**<br>**Gr. 7 SW Aard** | 28<br>**(Toetsperiode)**<br>Gr. 7 LO | **29**<br>VERKIESINGSDAG | **30**<br>**(Toetsperiode)**<br>**Gr. 7 EBW** | **31** | 1 | 2 |
| 3<br>**Gr.4: NWT**<br>Gr.5: SW (Gesk)<br>Gr.6: NWT<br>Gr.7: SW (Gesk)<br>Skool kom 12:00 uit vir eksamen tot 13 Junie | 4<br>**Gr.4: Afrikaans**<br>Gr.5: Engels<br>Gr.6: Afrikaans<br>Gr.7: Engels | 5<br>**Gr.4: Wiskunde**<br>Gr.5: SW Aard<br>Gr.6: Wiskunde<br>Gr.7: Teg | 6<br>**Gr.4: Engels**<br>Gr.5: Afrikaans<br>Gr.6: Engels<br>Gr.7: Afrikaans | **7**<br>**Gr.4: SW Aard**<br>Gr.5: Wiskunde<br>Gr.6: SW Aard<br>Gr.7: Wiskunde | 8 | 9 |
| **10**<br>**Gr.4:** SW Gesk<br>Gr.5: NWT<br>Gr.6: SW Gesk<br>Gr.7: NW | **11**<br>**Gr.4: LV**<br>Gr.5: LV<br>Gr.6: LV<br>Gr.7: SK | **12** | **13** | **14**<br>**Skool sluit 10:00** | **15** | **16** |



Die manier
om lief te hê is
om te besef
dat jy dit enige
tyd kan
verloor.

*~ Gilbert Ketih Chesterton ~*

## LIEF EN LEED

Baie sterkte aan Petro Cilliers wat in die hospitaal is. Ons bid haar 'n spoedige herstel toe.

## LIEF EN LEED

Ons dink aan Mienke Grobler en haar familie met die afsterwe van haar oupa.




# ADVERTENSIES

# Pos beskikbaar

ORANJE
VOORUIT
1907

## C EN N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

Die Beheerliggaam wag aansoeke in vir ondergenoemde pos:

## MUSIEKPOS: VIOOL

**Vereiste gesertifiseerde dokumente wat aansoek moet vergesel:**

- Volledige CV met verwysings
- Bewys van kwalifikasies
- Polisieklaring
- ID-dokument

**Vereistes:**

- B.Mus kwalifikasie in viool uitvoerend
- Ten minste 5 jaar ervaring in praktiese musiekonderrig, waarvan 3 jaar beginner vioolonderrig is
- Onderrig in enige ander instrumente

**Medium van onderrig:** Afrikaans

Diensaanvaarding: **9 Julie 2024**
Sluitingsdatum vir aansoeke: **Woensdag, 15 Mei 2024 om 13:00**

**Rig aansoeke aan:** Die Skoolhoof, Aliwalstraat 99, Bloemfontein, 9301 - Tel: 051-447 6845

**Handig CV per hand by Primêre skool se kantoor in of stuur per e-pos aan kantoor@oranjeprimer.co.za.**

**Geen terugvoer binne twee weke na sluitingsdatum beteken dat u nie suksesvol in u aansoek was nie.**